

11 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 33:1-11

Fokusgedeelte: Psalm 33:1-3

Sing vrolik, sing 'n nuwe lied

Die Psalmdigter kan nie anders nie as om God se Naam te loof en te prys met die sing van 'n nuwe lied. Die rede vir hierdie lofsang is baie eenvoudig – God is nie soos die afgode van die Kanaäniete nie.

Met die intog in Kanaän is die volk Israel dadelik met die gevestigde landbougodsdienst van die Kanaäniete gekonfronteer. Hierdie gode was baie onvoorspelbaar en volgens die Kanaäniete liefdeloos. Dus het die Kanaäniete in voortdurende vrees vir hulle gode geleef.

Die Psalmdigter besing juis God se lof vir hierdie rede dat God nie onvoorspelbaar is nie en nog minder liefdeloos. Volgens hierdie digter bly die Drie-enige God altyd in beheer en dit wat Hy besluit, staan vas (soos ons in vers 4 lees). Volgens vers 5 sing die digter sy loflied ook oor die liefde van die Here wat die wêreld vol is. Die loflied handel verder oor die feit dat God hemel en aarde geskape het en dit elke dag versorg en bestuur. Geen nasie kan God se raad stop nie, want niemand kan met God vergelyk word nie.

Ons land, werke, huise en skole is vol van skokkende gebeure wat van liefdeloosheid getuig. Dit lei daartoe dat ons eerder wil huil as sing. Wanneer ons op die wêreldse dinge fokus, gaan ons definitief geen rede hê om te sing nie, daarom roep God ons op om onder leiding van die Heilige Gees naby Hom te lewe en Hom alleen te vertrou, want dan alleen sal ons altyd rede hê om lofliedere te sing. Die rede is eenvoudig: God is nie onvoorspelbaar soos die wêreld en ons land nie, by ons werk weet ons nie wat ons altyd gaan kry nie, maar by God weet ons wel. God se liefde in Christus oorskadu al ons huislike probleme en God alleen bly in beheer en niemand kan God se raad keer nie.

Dit wat God vir ons in Christus gedoen het, is alleen elke dag genoeg rede om God se Naam met sang en lied te loof en te prys, want ons lewe nie meer vir die hier en nou nie, maar vir dit wat na hierdie lewe sal volg.

Sing: Psalm 33:1, 3 (Totius)

Ds. AN du Plessis (Postmasburg)